education

Department: Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# INGENIEURSGRAFIKA EN -ONTWERP

## EKSAMENRIGLYNE

## GRAAD 12

## 2009

**Hierdie riglyne bestaan uit 11 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

# INGENIEURSGRAFIKA EN -ONTWERP (IGO)

## INHOUD en KONSEPTE vir die NOVEMBER 2009 en MAART 2010

## GRAAD 12 NSS-EKSAMEN en die PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK (PAT)

### INLEIDING TOT EN DOEL VAN IG&O

NB: **Die inhoud van LU 1 kan geïntegreer word as gedeeltes van vrae in beide eksamenvraestelle.**

- **Inkorporeer bespreking** ten opsigte van die omvang, opvoedkundige en loopbaangeleenthede van IGO asook menseregte, geslag, inklusiwiteit en MIV/VIGS kwessies.
- Klem moet geplaas word op die **waardes** soos beskryf in LU 1**.**

**Die volgende kan op ale relevante inhoud re konsepte toegepas word!**

### ANALITIESE EN VISUALISERINGSOEFENINGE

- **Analiseer** tekeninge en beantwoord vrae gebaseer op enkel, multi-aansig en prenttekeninge binne die siviele, elektriese, en meganiese kontekste.
- Visualisering van kognitiewe en perseptuele oefeninge.

### BASIESE TEKENBEGINSELS

**NB: Hierdie beginsels is van toepassing op al die soorte tekeninge.**

#### Lyntipes

- Die gebruik en implementering van die lyn-tipes soos behandel in Gr. 10.

VOORGESTELDE VEREENVOUDIGING VIR POTLODE :

A tipe – Omrandings en naam- / titelblokke, buitelyne van tekeninge, antwoorde (Lokusse), projeksiesimbool en tabelle.
B tipe – Alle skryfwerk en nommering, afmetings, projeksievlakke, hulpaansigte, arsering, skroefdraad en voulyne.
C tipe – Konstruksies, beplanning, projeksies en gidslyne (vir skryfwerk).
Hart – Middelpunte van sirkels, senterlyne (senterasse), snyvlakke en om samestellings aan te toon.
Gebroke – Verborge detail

Kopiereg voorbehou

## Skryfwerk en Afmetings

- Die gebruik en implementering van die algemene skryf voorskrifte soos in Gr. 10 behandel
- Die gebruik en implementering van die algemene afmeting voorskrifte soos in Gr. 10 behandel.

## Opstel van 'n Tekenvel

- **Opstel** van 'n tekenvel wat alle relevante inligting vir **Gr. 12** toon, bv. naam en titelblokke, projeksie simbole ens.

## VRYHANDTEKENING

**Die gebruik van die vier basiese handbewegings wat benodig word om** proporsionele enkel en multi-aansig en prenttekeninge te reproduseer deur gebruik te maak van 'n geruite en skoon papier.

## INSTRUMENTTEKENING

- **Alle Gr. 10 geometriese konstruksies bly steeds van toepaslik in ander tekeninge.**
- **Deurlopende gebruik** van verskillende skale vir alle tipes tekeninge.

Kopiereg voorbehou

# ORTOGRAFIESE PROJEKSIES

**Bespreek en inkorporeer die konsepte van en produseer 1ste hoekse** en **3de hoekse** ortografiese projeksie tekeninge deur gebruik te maak van ooreenkomstige mates en 45° projeksies

Die klem vir Vraestel 1 (siviel) is **1ste hoeks** en vir Vraestel 2 (meganies) **3de hoeks** .

## Beskrywende Meetkunde

**Al die Gr. 10 en 11 konsepte bly steeds van toepassing vir aanwending in siviele inhoud en vir ontvouings.**

- Teken in **1ste hoeks** aansigte van punte en lynsegmente wat loodreg, hellend of skuins is.
- Bepaal die **ware lengte** van 'n lynsegmente en die **ware helling** van 'n lynsegment tot die HV en VV deur van die projeksie en die konstruksie metodes gebruik te maak.
- Bepaal die **warevorms** van vlakke vanaf gegewe aansigte.

## Vaste Liggame

Teken in **3de hoeks nie-gesnyde** en **deursnee** aansigte van die volgende geometriese vaste liggame:

- **Kombinasies** van die geometriese vaste liggame soos in Gr. 10 behandel. Die asse van die vaste liggame moet steeds of loodreg, parallel of hellend tot slegs een hoof projeksievlak wees.
- Bepaal die **warevorm** van die gesnyde vlakke.

## Meganiese Tekeninge

### TEKEN IN 3DE HOEKSE ORTOGRAFIESE PROJEKSIE

Met *"SANS" 0111* as riglyn, teken:

- Nie-gesnyde, deursnee, halfdeursnee en gedeeltelik-snit aansigte van **gekompliseerde samestellings**.
- Die volgende moet ingesluit wees: Seskantige boute, moere en sluitmoere, spye en spygleuwe, wasters, afmetings tegnieke, titel, skaal, snyvlakke, arsering, byskrifte en projeksiesimbole.
- **Sluit sweis-, masjinering- en oppervlakafwerkingsimbole en toon toleransie op afmetings wat relevant is tot staalwerk en meganiese tekeninge.**

Kopiereg voorbehou

## Siviele Tekeninge

**BEKLEMTOON 1STE HOEKSE ORTOGRAFIESE PROJEKSIE**

***NB: Alle toepassings alleenlik vir enkelverdieping wonings.***

Met *“SANS”0143* as riglyne, teken:

- Vloerplanne en aansigte.
- Deursnee aansigte wat al die besonderhede en byskrifte **vanaf die fondasie tot die dak** toon.
- Voorsien aantekening, afmetings, skale en die volgende kenmerke op alle relevante aansigte: **elektriese besonderhede en die besonderhede van spits- en hellende dakke** asook alle die ander kenmerke wat reeds in Gr 10 en Gr 11 behandel is.
- Berekeninge van omtrekke en vloeroppervlakke.
- Toepassing van arsering op nuwe toevoegings.
- **Toon die terreinplan en skedule van spesifikasies. Sluit die elektriese, loodgieters en riolerings besonderhede in.**

## ELEKTRIESE TEKENINGE

Teken **bedradingsdiagramme** op **vloerplanne** van **siviele tekeninge**.

Kopiereg voorbehou

# PRENTTEKENINGE

## Isometriese Tekeninge

Teken **gekompliseerde** Isometriese tekeninge **met** of **sonder verborge besonderhede**.

- Insluitend **hulpaansigte** en **sirkels**.
- **Insluitend snitte.**

## Perspektiewe Tekeninge

Produseer **2-punt** Perspektiewe tekeninge van **gekompliseerde** gietstukke en wonings.

- **Insluitend sirkels.**
- Die posisie van die **HL**, **PV** en **SP** kan **gewysig** word.

# DEURDRINGINGS EN ONTWIKKELINGE

## Deurdringings

Bepaal die kurwe van deurdringing wanneer twee **gekompliseerde** voorwerpe of vaste liggame mekaar penetreer of verbind word teen 30˚, 45˚, 60˚ of 90˚**.**

- Die fokus hoort op industriële aanwendings te wees.

## Ontwikkelinge

Bepaal die oppervlak ontwikkeling van **gekompliseerde deurdringings**, **oorgangstukke** en **houers**.

- Die fokus moet op industriële voorbeelde bly. (Naattoelatings kan ingesluit word waar van toepassing.)

Kopiereg voorbehou

# LOKUSSE

## Heliks

- Toepassing van die beginsels van die heliks in ’n siviele of meganiese konteks in **gekompliseerde** toepassings soos spiraal glybane**,** handrelings van 'n spiraaltrappe, spiraalverre, wurms, skroefdraad ens.

- **Die rigting moet beklemtoon word.**

## Nokke

- Toepassing van die beginsels van nokke in ’n relevante **gekompliseerde** meganiese konteks bv. nokke om spesifieke bewegings te produseer soos aktiverings skakelaars/sluitmeganismes, beheer van insette/uitsette en die verandering van rigting en beweging.

- **Die beweging kan reelmatig, reelmatige versnelling en vertraging of eenvoudig harmoniese beweging wees.**

- **Die rigting moet beklemtoon word**

- **Die nokvolger kan ’n roller of wig-vormig wees.**

## Meganismes

- Toepassing van die beginsels van die **lokus van 'n punt(e)** op relevante **bewegende komponente** van **meganismes.**

- Sluit ook **sikloïde, epi- hipo-sikloïdes** in.

Kopiereg voorbehou

Die volgende **INHOUD** en **KONSEPTE** SAL NIE in die **NOVEMBER 2009** en **MAART 2010 GRAAD 12 'NSS' EKSAMENS** geassesseer word nie.

## ORTOGRAFIESE PROJEKSIES

### Siviele Tekeninge

- Komponente van **staalstrukture**.

## LOKUSSE

### Rollende Sirkels

- Toepassing van die beginsels van die **lokus van 'n punt(e)** op di**e omtrek** van 'n **sirkel** om **sikloïde, episikloïde** en **Hiposikloïdes** te produseer.

Kopiereg voorbehou

Die volgende **INHOUD** en **KONSEPTE** sal **SLEGS** in die **PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK (PAT)** formeel geassesseer word.

## DIE ONTWERPPROSES

**Van toepassing op alle Praktiese Assesseringstake:**

- **Gekompliseerde** probleem **identifisering** en die formulering van ’n **ontwerpopdra**g.
- Doen **navorsing** en **produseer idees/konsepte** analities en grafies (**vryhand tekeninge**)
- **Kies** die beste oplossing binne die konteks van die spesifikasies/beperkinge.
- Voorlegging van die finale oplossing m.b.v. **werktekeninge**.
- Voorlegging van die finale oplossing, of dele daarvan, deur ’n **3D prenttekening(e)** en opsioneel die vervaardiging van ’n model indien moontlik.
- **Evaluering** van die hele proses.

## REKENAARONDERSTEUNDE TEKENINGE (ROT / “CAD”)

- **Toepassing en bestuur van di ROT/“CAD” sagteware**
- **Vereiste voorleggingstekenige (Deel 2 van die PAT)**

Kopiereg voorbehou

# INGENIEURSGRAFIKA EN -ONTWERP (IGO)

## GRAAD 12 EKSAMENFORMAAT EN SAMESTELLING

| VRAESTEL 1 | VRAESTEL 2 |
|---|---|
| ***-SIVIEL-***<br>*(3 URE)*<br>Klem op **1ste hoekse** ortografiese projeksie. | ***-MEGANIES-***<br>*(3 URE)*<br>Klem op **3de hoekse** ortografiese projeksie. |
| • **Siviele tekeninge** (insluitend elektries)<br>• **Deurdringings**<br>• **Ontwikkelings**<br>• **Perspektief Tekeninge** | • **Meganiese tekeninge**<br>• **Lokusse**<br>• **Vasteliggame**<br>• **Isometriese tekeninge** |
| Die vraestel sal **analitiese** vrae insluit.<br>Relevante scenario's/gevallestudies t.o.v. LU kan ook in die vraestel geïnkorporeer word. | Die vraestel sal **analitiese** vrae insluit.<br>Relevante scenario's/gevallestudies t.o.v. LU kan ook in die vraestel geïnkorporeer word. |
| **Puntetoekenning: 200**<br>Verwerking: ÷ 2<br>**TOTAAL: 100** | **Puntetoekenning: 200**<br>Verwerking: ÷ 2<br>**TOTAAL: 100** |

Kopiereg voorbehou

# INGENIEURSGRAFIKA EN -ONTWERP (IGO)

## Struktuur van interne en eksterne assessering vir Graad 12:

| GRAAD 12 ASSESSERINGSITEMS | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **INTERNE ASSESSERING: 25%** (Intern opgestel en geassesseer) | | **EKSTERNE ASSESSERING: 75%** | | | |
| | | PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK 25% (Ekstern opgestel en intern geassesseer) | | EKSTERNE EKSAMENS 50% (Ekstern opgestel en geassesseer) | |
| "SBA:/DE PORTEFEULJE | | PAT PORTEFEULJE | | NOVEMBER EKSAMEN | |
| Toetse: Gekombineerde punte aangeteken in die eerste en derde kwartale. | 30 | PAT Deel 1<br>Die Ontwerpproses | 50 | Vraestel Een: 3 uur<br>(200 punte ÷ 2 = 100) | 100 |
| Opdragte:<br>**14** Kursustekeninge as Toepassingsoefeninge om al die 'AS'e' te dek<br>NB: Waar en indien moontlik, inkorporeer LU 1 en LU 2 | 30 | PAT Deel 2<br>ROT/"CAD" Voorleggings-tekeninge van Deel 1 | 50 | Vraestel Twee: 3 uur<br>(200 punte ÷ 2 = 100) | 100 |
| Junie-eksamen & September-eksamen | 40 | | | | |
| Totaal | 100 | Totaal | 100 | Totaal | 200 |

***NB: Beide die November eksamen-vraestelle sal opgestel word uit 'n punt van 200 wat dan verwerk word na 100 punte.***

Die assessering van Graad 12 word in twee gedeel, interne assessering en eksterne assessering. Gesamentlik tel dit 400 punte. Die interne assessering bestaan ui 30 punte vir toetse, wat 7.5% van die assessering is, 30 punte vir opdragte, wat 7.5% van die assessering is, en 40 punte vir die halfjaarlikse en September eksamens wat 10% van die assessering uitmaak. Die eksterne assessering bestaan uit praktiese assessering, wat bestaan uit 50 punte vir 'n projek, wat 12.5% van die assessering is, 50 punte vir 'n ROT?"CAD" praktiese taak, wat 12.5% van die assessering is en 'n eksterne eksamen wat 200 punte vir die jaar-eind eksamen, wat 50% van die assessering uitmaak.

**NB: Alle opdragte en take moet, waar moontlik, LU 1, 2, 3, & 4 inkorporeer.**

Kopiereg voorbehou